BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

JITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

0c | Maandag 3 Julie 1978 | WINDHOEK | Monday 3 July 1978 | No. 3776

NHOUD:

ROKLAMASIE: *Bladsy*

No. AG. 43 Proklamasie op Publikasies, 1978 1

## PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 13 Junie 1978)*

No. AG. 43 1978

BEVOEGDHEDE VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL MET BETREKKING TOT DIE TOEPASSING VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, 1974 (WET 42 VAN 1974), IN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 26 Junie 1978

BYLAE

*Vertolking*

1. 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n beslissing wat gegee is of gegee kan word, word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n verbod, vrystelling, permit, voorwaarde, sertifikaat, verklaring of iets anders wat opgelê, verleen, uitgereik of gedoen is of, na gelang van die geval, opgelê, verleen, uitgereik of gedoen kan word.

CONTENTS:

PROCLAMATION: *Page*

No. AG. 43 Publications Proclamation, 1978 1

## PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 13 June 1978)*

No. AG. 43 1978

POWERS OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL IN RELATION TO THE APPLICATION OF THE PUBLICATIONS ACT, 1974 (ACT 42 OF 1974), IN SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 26 June 1978

SCHEDULE

*Interpretation*

1. A reference in this Proclamation to a decision which was or may be given, shall be construed as including a reference to a prohibition, exemption, permit, condition, certificate, declaration or any other thing which was or, as the case may be, may be imposed, granted, issued or done.

*Bevoegdhede van Administrateur-generaal met betrekking tot toepassing van Wet 42 van 1974 in Suidwes-Afrika*

2. (1) Die Administrateur-generaal kan 'n beslissing wat kragtens die een of ander bepaling van die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974), deur 'n komitee in daardie Wet bedoel of die Appèlraad oor Publikasies, die voorsitter van daardie appèlraad of die Direktoraat van Publikasies aldus bedoel, gegee is, wysig of tersyde stel, of bedoelde beslissing vervang deur 'n ander beslissing wat aldus gegee kan word.

(2) 'n Beslissing deur die Administrateur-generaal kragtens subartikel (1) gegee, word by die toepassing van genoemde Wet in die gebied Suidwes-Afrika, geag 'n beslissing van 'n komitee, die Appèlraad oor Publikasies, die voorsitter van daardie appèlraad of die Direktoraat van Publikasies, na gelang van die geval, te wees wat daardie beslissing kragtens die betrokke bepaling van bedoelde Wet sou kon gegee het: Met dien verstande dat —

(a) by sodanige toepassing 'n verwysing in bedoelde Wet na die *Staatskoerant*, uitgelê word as 'n verwysing na die *Offisiële Koerant*;

(b) daar geen appèl na die Appèlraad oor Publikasies teen so 'n beslissing is nie.

*Kort titel*

3. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Publikasies, 1978.

*Powers of Administrator-General in relation to application of Act 42 of 1974 in South West Africa*

2. (1) The Administrator-General may amend or set aside any decision which was given under any provision of the Publications Act, 1974 (Act 42 of 1974), by a committee referred to in that Act or the Publications Appeal Board, the chairman of that appeal board or the Directorate of Publications so referred to, or substitute for such decision any other decision that may be so given.

(2) A decision given under subsection (1) by the Administrator-General, shall in the application of the said Act in the territory of South West Africa, be deemed to be a decision of a committee, the Publications Appeal Board, the chairman of that appeal board or the Directorate of Publications, as the case may be, that could have given that decision under the relevant provision of the said Act: Provided that —

(a) in such application a reference in the said Act to the *Gazette*, shall be construed as a reference to the *Official Gazette*;

(b) there shall be no appeal to the Publications Appeal Board against such a decision.

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Publications Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.